**WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 08/2018**
**07/06/2018**

## WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Dr Joep van Zyl van die Seiners

* Deon van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese "… dat oom Joep se seun, Andre, genoem het dat sy Pa op 21/05/2018 in die ouderdom van 87 jaar oorlede is.

* Dennis Jelliman van die Seiners noem dat Joep 'n "… Tegniese Seiner was wat by Afd Fin afgetree het. Hy het onlangs vanaf Australië teruggekeer en 'n huis naby Durbanville gekoop. Na my aftrede het ek gehelp om sy Doelgerigte Bestuurstelsel te bemark, wat hy verder in Australia gaan verfyn het".

* Chris van Zyl van die Geskut rapporteer "… dat 'n roudiens op 28/05/2018 by die NG Gemeente Welgelegen in Parow plaasgevind het, terwyl die begrafnisdiens op 05/06/2018 by die NG Gemeente Sesmylspruit in Lyttelton, Centurion, was. Mev Baby van Zyl se selno is 0649442802 en hulle seun, Riaan, se e-posadres is riaan@citation.co.za".

2. Passing of Pat McLoughlin of the Cavalry

Faan Gerber of the Infantry advises with regret that Pat had passed away in Hermanus on 04/06/2018, after suffering from cancer.

*Jos Rabie van die Parabats verklaar "… dat ons vir Pat as 'n trotse soldaat, 'n bekwame bevelvoerder en as 'n regte heer geken het. Hier in Hermanus was hy een van die drie Veterane wat verantwoordelik was vir die stigting van ons Overberg Veterane se netwerk. Dit was 'n voorreg om saam met hom as 'n soldaat te kon dien en ons eer sy nagedagtenis. Pat was die erekolonel van die Cape Town Highlanders (CTH) en die roudiens sal in hulle kapel in Woodstock plaasvind. Boodskappe van meegevoel en navrae kan aan Harvey Saayman van die CTH by 028-312 2372 gerig word".

3. Afsterwe van Hans Swart van die Infanterie

* Justin Venter verwittig met leedwese op FaceBook dat "… Hans op 04/06/2018 oorlede is. Rus in Vrede".

* Johan Bauer van die SALM voeg by dat "… Hans die Bev van 6 SAI Bn en Groep 15 was. Sy gedenkdiens vind plaas op 08/06/2018 in die NG Kerk te Belfast, waarna almal genooi word om 'n laaste eerbetoon by Misty Waters in Boultstraat 89 te betoon. Ons simpatie gaan aan Elisme, kinders en kleinkinders. Die kontaknommer is 082 378 3293".

4. Passing of Eric Loynes of the SAN

* In the previous Newsletter it was stated that Eric (photo below) was a member of the SAN. Rudi Kritzinger of the SAAF corrects the report by stating that Eric was a navigator who had served with Rudi in 12 Sqn. He had resigned from the SAAF to become a pastor. Note. Apologies for the mistake.

Jerry Coetzee voeg by dat "... Eric 'n navigator in die SALM was en het nie naby die see gekom nie, behalwe om daaroor te vlieg".

5. Passing of William Barkers of the SAN

Arne Soderlund advises with sincere regret of "… the passing of William Barkers on 17/05/2018 after being admitted to a hospital in the United Kingdom. Our deepest sympathy to his wife, Jennie, David (ex SAS Unitie) and all the family".

*6.* Afsterwe van AO1 CG Schoonwinkel van die Geskut

Paul Els verwittig met leedwese "… dat Schoonies op 27/05/2018 in Pretoria oorlede is. Die begrafnis het op 31/05/2018 in Kameeldrift plaasgevind. Elsa Yaffe voeg by dat AO1 Schoonwinkel se seun, Dawid, se selno 072 391 3570 en sy e-posadres dawidschoonwinkel@gmail.com is.

7. PC van Niekerk van die Seiners is nie Dood nie

In die vorige nuusbrief is foutiewelik vermeld dat PC oorlede is. PC het onmiddellik hierdie foto op FaceBook (FB) geplaas om sy vriende en familie te oortuig dat hy nog springlewendig is. PC noem dat hy "… al sy vriende op FB wil wys dat ek lewe en goeie gesondheid geniet. Geseënde dag aan almal want die lewe is 'n lied". Nota. Die fout word betreur.

8. Operasie vir Jack Pearce van die Infanterie

Shai Mulder van die Genie en John Lizamore van die Infanterie rapporteer "… dat Jack op 23/05/2018 'n suksesvolle vervanging van die hoofslagaar in sy een been in Unitas Hospitaal ondergaan het en reeds terug is by die huis. Jack het probleme met bloedsirkulasie in sy bene ondervind en die ander been sal binne ses maande ook gedoen word. Jack se selno is 083 844 3446".

**PERSOONLIKE BOODSKAPPE**

9. Tribute to Danie (Tallies) Taljaard of Personnel

Peter van der Merwe of Finance states that "… Tallies was down to earth with a great sense of humour and empathy. Few might recall that for a short while in 1982/83, he simultaneously wore the dual hats of Director of both the Personnel Service as well as the Finance Service Corps in the SA Army. The Personnel Services School in VTH accommodated the training of both these Corps. I was the OC FSC Training Branch at the time and Hercules (Dup) du Plessis was the OC of the School. When Tallies, in his dual role, came to address the FSC Branch for the first time, he chose to wear a FSC beret although he was a Personnel functionary. Later in the day when he addressed the PSC Branch, he donned the PSC beret. This small gesture meant much to the FSC at the time and showed his understanding of *Esprit de Corps.* May he rest in peace".

10. Berig vanaf Danie Taljaard se Dogter

Karin verklaar dat sy die vorige Nuusbrief van Albert en Anette van Driel ontvang het en "… ek was ontsettend aangedaan deur Chris Wehrmann en Hercules du Plessis se huldeblyke oor my Pa. Ek het toevallig gister sy nadoodse ondersoekverslag ontvang en dit was 'n bloedklont deur sy long en nie hartaanval soos wat ek gedink het nie. Ons het saam met familie en my broer gekuier en ek was bly dat ek hom by my gehad ten tye van sy dood. Ek was as kind en later volwassene baie trots op my Pa se loopbaan en dit wat hy voor gestaan het. Ek is dankbaar vir al my ouers se liefde en gaan hulle ontsettend mis".

11. Ray Farrell van die Genie

"Na aftrede het ek vir vyf jaar gerus en is in 1995 genooi en as SSO Genie by HK 7 Div aangestel. Na 7 Div se sluiting is ek as SSO Magsvoorbereiding by die Genieformasie aangestel. In 2000 het ek by Mechem diens aanvaar en het vir Naschem hier plaaslik en in die VAE opleiding in springstof, ammunisie, myne en verwante aspekte aangebied. In 2010 toe ek uiteindelik die tuig neergelê en lê nou lekker by die huis hier in Klerksdorp rond".

12. Inhoud van die Nuusbrief. Robbie Robbertze van die KDK verklaar soos volg:

"Ek bestudeer altyd die hele Nuusbrief en lees dit nie net vlugtig nie en as 'n Pongo lees ek selfs die Vloot-artikels met belangstelling! Ek vind die Nuusbrief waardevol en menige van my makkers deel dieselfde sentiment. Die kennisgewing per e-pos voor publikasie op die SAIV se webblad werk baie goed en ek sukkel nooit om toegang tot die Nuusbrief te kry nie. Hoef ook nooit te wonder wanneer die volgende een op pad is nie.

Dit is vir my jammer om staaltjies oor makkers te lees eers nadat hulle oorlede is. Daarom geniet ek nuus soos dié van Chris Wehrmann se ete saam met Blackie Swart en Craig Harrison se doen-en-late. Ek weet dat soldate dit moeilik vind om oor hulself te skryf, maar mens wil tog van hulle welstand verneem".

13. Robbie Fox van Afd Inl Laat die Bolle Rol

Robbie verwittig dat hy ‘n lid van Gauteng-Noord se senior rolbalspan is en dat sy span hierdie jaar die silwer medalje tydens hierdie jaar se Nasionale Inter-Distrikte kompetisie gewen het. Robbie staan tweede van links in die agterste ry.

**MILITêRE AANGELEENTHEDE**

14. Vraag oor Prof Deon Fourie se Berig oor Salueer en Eerbewys

Piet Heyns van die SWAGM se Genie noem dat hy “... prof Fourie se berig baie insiggewend gevind het en veral die volgende deel is vir my van belang:

‘(9) Officers who have retired from the Defence Force and while still in service held permanent commissions, may retain the use of their rank after they have so retired and are no longer in service’.

Ons wat in die Burgermag-komponent van die SWAGM hier in Namibië gedien het, is in 1989 ‘gedemobiliseer’ en het dus nie afgetree nie. Ek wonder net of die bostaande ook op ons hier in Duitswes van toepassing sou wees?” Nota. Reaksie uit Personeel-geledere sal waardeer word.

15. Mediaverklaring oor Dissipline in die SANW. Henning Olivier van die SAGD het die volgende verklaring van 18/05/2018 deur dr Pieter Groenewald, leier van die VF Plus, voorsien, wat effens verkort is:

Jaar na jaar word gepraat oor die SANW se ontoereikende begroting en dit sal waarskynlik voortduur omdat daar nie die politieke wil van die regering is om die situasie te verander nie. Net so is die Weermag se dissipline ’n probleem wat nie verbeter nie. Dissipline is ononderhandelbaar want dit skep trotse soldate. Met die voorvalle waarby soldate onlangs betrokke was, moet die vraag gevra word of Suid-Afrika nog ’n trotse Weermag het. Dit is kommerwekkend omdat die bevelstruktuur nie daarin slaag om dissipline toe te pas nie.

Een voorbeeld is die Berede-eenheid waar perde weens wanvoeding gevrek het. Die lede doen nie hul werk nie en wil net rondsit tot die einde van die maand om ’n salaris te ontvang. Dit beteken bloot dat die bevelstruktuur laks is en as die bevelstruktuur laks en ongedissiplineerd is, kan daar nie verwag word dat die manne en vroue in uniform gedissiplineerd sal wees nie.

Die soldaat wat onlangs na ’n voorval in hegtenis geneem is en onmiddellik oneervol ontslaan is, is dieselfde persoon was verlede jaar in ’n ander voorval ‘n vrou op ’n motorfiets probeer afry het en toe geskiet het. Hy is nooit in hegtenis geneem nie, want hy het klaarblyklik spesiale behandeling ontvang omdat hy ‘n generaal se bestuurder is. In ’n ander voorval het ’n offisier erge rassistiese uitlatings op sosiale media gemaak. Sulke gevalle breek dissipline verder af. Politieke aktiwiteite kan nie in die Weermag toegelaat word nie, want elke burger moet gelyk behandel word, ongeag hul kleur of politieke oortuigings.

16. Armscor Retains Management and Operation of the Simon’s Town Dockyard

It was previously thought that DENEL would take-over management of the Simon’s Town naval dockyard, but the Minister of defence has directed that control and management would be retained by the Defence and Security Acquisition Agency. The photo shows a frigate being maintained in the Naval dockyard.

17. Artikel oor Port Royal in die Karibiese See

Paul Els het ’n interessante artikel oor die geskiedenis van Port Royal in die Helifax Herald geplaas. Die dorpie was ’n vesting van seerowers, maar is deur aardbewings en ‘n tsunami bykans vernietig en ’n groot deel het onder die see verdwyn. Die artikel kan vanaf Paul se e-posadres by paul@who-els.co.za aangevra word.

18. Two New Rifles for the Russian Military

The Russian military is replacing the standard AK-74M with two new rifles, namely the AK-12 and AK-15, which have 30-round magazines and are equipped with a number of different sights. The two new weapons will form part of Russia's futuristic combat system that includes modernized body armour, a helmet with night vision and thermal imaging. A. photo of the AK-15 appears below and the article can be read on the link at https://www.businessinsider.co.za/russian-military-replacing-ak-74m-with-2-new-rifles-2018-5.

19. Russian Military Capability is Restricted

In Arne's MN it was reported that while Russia's newly professionalized military is armed with top-of-the-line ship-launched cruise missiles, flying more capable strike aircraft and firing precision munitions, but a military expert states '… that Russia does not have the ability to sustain forces far from its border, while its deployment in Syria has stretched Russian logistics to its limits'. Russia is finding it difficult to maintain the 5 000 personnel, helicopters and aircraft in Syria and does not have the capability to sustain 20 000 troops in continuous operations far from its borders for any length of time. Even getting there is a challenge and had to buy old merchant ships and convert them into transports to move the soldiers and equipment to its base in Syria.

20. Argentina has now Ceased to be a Capable Military Power

According to Arne, Argentina, after a significant period of decline, has ceased to be a capable military force. The Argentine Air Force recently retired its Mirage fighters with only a handful of them even flyable. The country also confirmed that all their Lockheed Martin A-4AR Skyhawk fighters have been grounded. Argentine ground forces rarely have the resources for training and are vastly under equipped, their kit dates back to the 1970's and is in very short supply. The Argentine Air Force largely consists of a collection of obsolete aircraft which are frequently grounded due to poor serviceability. The photo shows one of their Naval vessels with a slight listing problem.

In a unrelated report Arne reported that the missing Argentinian submarine, ARA San Juan, only carried sufficient supplies to last 34 people for seven days, while the crew consisted of 44 members. It was found that the vessel lacked sufficient food and oxygen supplies necessary to survive an emergency, which shows how cash-strapped the Navy is.

21. The Australian Navy is Acting to Limit Sailors' Alcohol Consumption

According to Arné's MN the Australian Navy is starting a crackdown to prevent sailors getting drunk in foreign ports. The Navy has issued a fleet directive which includes curfews and mandatory breath testing and applies to sailors of all ranks and is in response to recent incidents in overseas ports involving Australian sailors. The new directive also warns sailors about the possible consequences of drinking in foreign ports and refers to an incident in Oct 2017 in Singapore in which an Australian sailor was imprisoned for six weeks following an alcohol-related incident.

22. Use of Drones Against Israel by Hamas

Hamas has adopted a new tactic to get around the Israeli scanners at the border crossing into the Gaza Strip. They break the drones into their component parts and then try to transport the smaller, less detectable pieces through the crossing into the West Bank. The photo shows a drone that had been filled with explosives after it had crashed. The Israeli Army believes the drone was meant to target Israeli soldiers serving along the Gaza border.

DIE KAVALLERIE SE PERDE

23. Brief van AP Stemmet in Die Burger

Dit was ‘n tragedie toe 25 perde van die SANW op Potchefstroom weens kriminele verwaarlosing deur die DBV geskiet moes word om hulle uit hul lyding te verlos en ek wil vra dat die skuldiges voor die hof gedaag word. Eerstens strafregtelik want hulle behoort lang gevangenisstraf te kry. Tweedens om sivielregtelik aanspreeklik gehou te word want hulle moet die belastingbetaler vergoed vir die skade veroorsaak. As trotse oud-lid van n pantserregiment, Regt Oranjerivier, is ek trots dat ons die ou tradisie in stand hou deur by gepaste geleenthede ‘n heildronk op Die Perde/The Horses te drink. Dit is omdat ons in die Kavalerie die perde vereer vir die rol wat hulle in die geskiedenis gespeel het. Die President van die Pantserbond het bevestig dat hierdie tradisie nog deur die Pantserbond en alle regimente van die SANW se Pantserformasie getrou in stand gehou word. Ek glo dat alle Kavalleriste met reg woedend is oor die gebeure. Die SANW skuld almal ’n verskoning en moet aandui watter stappe teen die skuldiges geneem word.

24. Hennie Heymans van die ZARPe

“As oudlid van die Berede Polisie was ek geskok oor die verwaarlosing van die militêre perde. Daar is so baie tradisie wanneer dit by diensperde kom. In die ou SAP was die eerste rang in die Berede Polisie na konstabel die van korporaal. Die rang is afkomstig van die Britse Horse Guards se Corporal of the Horse. In die Voetpolisie was die eerste rang na konstabel die van lance sergeant of te wel onder-sersant met drie strepe en dié rang kom ook van die Britse Horse Guards”.

**MILITêRE MEDIESE VERSORGING**

25. NTR.

**FUNCTIONING OF THE RFMCF**

26. NTR.

## TOEKOMSTIGE OORLOë

27. Dirty Bombs : The Poor Man's Nuke

The author, Al J Venter, has published an article by this name on the threat from Radiological Dispersal Devices (RDD), commonly known as Dirty Bombs, in the Jul 2018 issue of *American Survival Guide.* He writes that Islamic terrorist groups wish to acquire this capability so as to use it in a major Western city. The full article is available on request from Al's e-mail address at venter.al@gmail.com. The following is an extract from the article:

The main purpose of a dirty bomb is to contaminate the surroundings and to disrupt normal commercial and other activities for an extended period. Most salient, the principle objective of detonating an RDD is to create panic on a massive scale, which would unquestionably happen should the attack take place in the heart of any major city.

The components for a dirty bomb are relatively simple to assemble once the radioactive material has been acquired and will have the following appearance:

## EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

28. Oef Thunder Chariot by die Leërgevegskool in Sep 1984

Ray Farrell van die Genie het die foto verskaf van die skildjie wat na die oefening aan sleutelpersoneel uitgereik is. Ray noem dat dit 'n groot oefening was en dat dit bepaalde tekortkominge in die Genie se vermoë openbaar het om doeltreffende ondersteuning aan die konvensionele landgeveg in terme van eie mobiliteit, aanvalsuitrusting en eie beskerming te lewer. Dit het gedui op tekortkominge in eie struktuur en gevegshantering en is na Oef Thunder Chariot deur die Korps aangespreek. Johan (Dippies) Dippenaar was as HS by HK 7 Div die oefeningleier en noem dat twee van 7 Div se drie brigades daaraan deelgeneem het.

29. Report of the Truth and Reconciliation Commission

Deon van Zyl has provided a copy of report of the Truth and Reconciliation Commission, all 710 pages of it, which was presented to President Mandela on 29/10/1998. The report contains chapters on chemical and biological warfare, secret state funding, the state inside the RSA, the liberation movements from 1960 to 1990, political violence, etc. The report can be found on the link at http://www.sahistory.org.za/sites/default/files/trc_report_volume_2.pdf.

30. Foto oor die Aandklokreël in die Operasionele Gebied

Johann Engelbrecht van Leërinligting het die foto verskaf van 'n gewapende helikopter van die SALM wat die toepassing van die aandklokreël in die operasionele gebied patrolleer.

**NUWE MILITêRE BOEKE**

31. AL J. Venter of the Infantry

Al reports that "… these three new books of mine are now in production. The book about Biafra, which will be available in six weeks, includes the exploits of Col Jan Breytenbach and it is only recently that it became known that Jan was wounded in that conflict. I do not like the title of my book about Angola, but it was insisted on by the publisher!"









PAUL ELS SE BOEKE

32. Boek oor 101 Bn in Owamboland

“Nou kom die groot werk want ek het met die boek oor 101 Bn begin. Dit gaan iets groots wees”.

33. Opleiding by 21 Bn in Lenz

“Een van die instrukteurs wat in 1975 en 1076 by opleiding te 21 Bn in Lenz betrokke was moet my asseblief kontak”.

34. Inligting oor Regt N Tvl

“Iemand wat by Regt N Tvl gedien het, moet my asseblief kontak. Ek benodig inligting en fotos van die eenheid”.

35. Nuwe Boek : *Amanzi Southern Africa*

“Hierde nuwe boek van my handel oor die water van Suider-Afrika en sluit ou kaarte van Suid-Afrika in wat van Bartolomeu Dias en Jan van Riebeeck se tyd dateer. Daar is foto’s van die Kasteel met sy tuine, kusdorpe, riviere, eilande, uitheemse plante, vuurtorings en skepe wat langs die kus gesink het. Daar is berigte oor vliegtuigongelukke in die see, rampe, die SAV, 4 Verk Regt, lewensredders, NSIR en vele meer. Die boek is oorspronklik vir gebruik deur skoliere en besoekers saamgestel, maar het nou besluit om publikasie te beperk. Die boek is nou beskikbaar en die prys sal met bestelling bekend gemaak word. Kontak vir Groep 7 Drukkers by epos@groep7.coza vir navrae”.




**WELSYNSWERK**

36. NTR.

**ALGEMENE ASPEKTE**

37. Monument by Cassinga in Angola

Albert van Zyl van 32 Bn en Afd Inl rapporteer dat die Namibiese Regering in The Namibian in Windhoek aangekondig het dat daar in samewerking met die Angolese regering ooreengekom is dat ‘n monument by Cassinga opgerig sal word om die ‘slagoffers’ van die SAW se lugstormaanval van 04/05/1978 te gedenk.

38. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jun 2018 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

39. Origin of Last Post

Felix Hurter of the Gunners provided this piece which he found on the Internet and although not confirmed, it is too good not to include. The full report is available from the e-mail address of Felix at hurts@absamail.co.za

It tells the story of Capt Robert Ellicombe of the Union Army who in 1862 during the American Civil War, heard the moans of a wounded soldier and not knowing if it was a Union or Confederate soldier, decided to risk his life and bring the stricken man back for medical attention. Crawling through the gunfire, he reached the stricken soldier and pulled him toward his encampment, where he discovered that it was a dead Confederate soldier. In the dim light, he saw that it was his own son who had been studying music in the South

He received permission to give his son a full military burial, but was only allowed one musician and chose a bugler, who he asked to play a series of musical notes he had found on a piece of paper in the pocket of his son's uniform. The haunting melody, we now know as *'The Last Post'* was born. The words are the following:

Day is done.
Gone the sun.
From the lakes
From the hills.
From the sky.
All is well.
Safely rest.
God is nigh.

Fading light.
Dims the sight.
And a star.
Gems the sky.
Gleaming bright.
From afar.
Drawing nigh.
Falls the night.

Thanks and praise.
For our days.
Neath the sun
Neath the stars.
Neath the sky
As we go.
This we know.
God is nigh

40. *Military Despatches* : Volume 12 of 2018

Paul Els has provided the issue of Jun 2018 of this interesting publication and mentions that he had contributed two of the articles contained in the issue. Paul's articles deal with the battles of Bloubergstrand and Muizenberg. Matt Tennyson is the editor and can be contacted on his e-mail address at matt@hipe.co.za.

**NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES**

41. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan.

42. Verandering aan die Reëlings vir die Infanterie se Etes

By die hinderlaag op 06/06/2018 is bekend gemaak dat die Vereniging bly is oor die relatief jong werkende lede wat begin aansluit, maar dat besef word dat hulle nie in staat is om die maandelikse hinderlae in werkstyd by te woon nie. Die Infanterie-vereniging se NUR het derhalwe besluit dat die maandelikse funksie in die toekoms steeds by die Bronberg Wynlandgoed sal plaasvind, maar dat dit op 'n meer informele wyse op die derde Saterdag van elke maand sal gebeur.
Vanaf 21/07/2018 sal die vergadering van die NUR om 08:30 begin en die hinderlaag vanaf 12:00. Volledige besonderhede sal in die volgende Nuusbrief gedra word. Kontak vir Geoff Holland-Muter by geoff@sainfantry.co.za vir navrae.

**ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)**

43. Issue of GEPF Monitor No 8 of 2018

Errol Massey-Hicks of AMAGP reports that the new issue of the Newsletter is now available and can be requested from amagp.sek@gmail.com. This document and all the previous Newsletters are available on the website at www.amagp.co.za.

The editor, Daan Kemp of Army Intelligence, states that "… comment, articles and recommendations are welcome. No anonymous submissions will be accepted, but names may be withheld on request. Submit articles to editorgepfmg@gmail.co.za".

**SOEKTOGTE**

44. NTR.

**GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES**

45. Herdenkingsdiens van 32 Bn

Die diens het op 20/05/2018 by die Voortrekkermonument plaasgevind en Paul Els het die foto verskaf. Langs genl George Meiring sit Les Rudman van Spes Magte en die Voorsitter van 32 Bn se Veterane-vereniging, Stephanus van der Walt. Paul stel voor dat ons makkers voorstelle indien oor wat hulle dink genl Meiring besig is om aan Les te vertel.

46. Gedenkdiens by die SAW se Muur van Herinnering op 27/05/2018

* Genl Joffel van der Westhuizen van die Geskut rapporteer dat "... die Gedenkdiens tot 'n warm klop van die hart gelei het. Ons SAW se nalatenskap is met hierdie plegtigheid nie net groot eer aangedoen nie, maar ook lewendig gehou. Van karwag tot voorsitter, van skildwag tot verbyvlug en van krans tot kruis het gespreek van 'n Weermag wat die wêreld se beste was. Besonder verblydend was die groot opkoms van lede van die Burgermag, die deelname van al meer en meer naasbestaandes en die betrokkenheid van die jeug. 'n Diens soos hierdie verdien die toevoeging van 'Gedenk'. Dankie aan Johan (Dippies) Dippenaar en sy span van die RMVO. Julle het ons ou soldate baie trots gemaak".

* Paul Els het die volgende fotos van die Vaandalgroep, drie Skildwagte en die boodskap verskaf wat met 'n helikopter drapeer is:

47. Ete-groepie in Centurion

Die vorige ete het by die Kookabella Teetuin in Lytteltonweg 60 plaasgevind en is deur 25 makkers bygewoon. Daar was konsensus dat dit 'n lekker plek met redelike pryse is en veral die hoenderpastei is 'n treffer. Hierdie maand se ete vind om 12:00 vir 12:30 op Donderdag 21/06/2018 weer by die Kookabella Teetuin plaas. Verwittig bywoning aan isajohan@johannisa.co.za sodat die bespreking gedoen kan word. Nooi 'n Veteraan saam.

48. Re-unie van die Overstrand se Veterane

Jos Rabie van die Parabats verklaar "… dat die Overstrand se Veterane weer op 07/08/2018 in Hermanus bymekaar kom. Dit sal soos altyd 'n plesier wees om besoekers vanuit die Transvaal by ons te verwelkom. Detail oor die middagete kan by my op jrcr@vodamail.co.za gekry word".

**NETWORKING**

49. Goeie Instandhoudingskontrakteur

Tony Dippenaar van Cela noem dat hy 'n "… reeks herstel- en instandhoudingstake by my huis moes laat doen en het op aanbeveling vir Pieter Dearlove gebruik. Hy is nou omtrent klaar met 'n groot reeks opknappings, wat besonder professioneel en deeglik teen 'n baie billike en realistiese prys gedoen is. Die Veterane kan hom gerus in gedagte hou wanneer hulle 'n kontrakteur benodig. Pieter se selno is 078 506 8671. Om dit self te doen is goed en wel, maar onthou my herhaalde waarskuwing dat '… silly old buggers don't belong on the roof or in the ceiling!"

**ADMINISTRASIE**

50. Nuwe Lede

Later.

**LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE**

51. Please Note

The difficulties of life are intended to make us better, not bitter.

52. Political Inefficiency

John French of the Cavalry states that "… for the mechanically minded the government's efforts to restore some degree of sanity in the North West Province is much like fitting an ash tray to a motorcycle, or, in medical parlance, like using a Band Aid to remedy an aneurism".

53. Nie-deelname aan die Comrades. Paul Els sê dat Dawid Reyneke die volgende op FaceBook geplaas het:

"Volgende week se Comrades sal 'n spesiale mylpaal in my lewe wees, want dit is die 66ste Comrades in n ry wat ek nie gaan hardloop nie! Baie dankie aan Cadbury's, Coke, die biltongwinkel en al die ander eetplekke wat dit vir my moontlik gemaak het! Sonder julle sou ek dit nie kon doen nie".

**SLOT**

54. En op daardie flukse noot, word 'n koue dog aangename week die Veterane toegewens.

Johann

**VRYWARINGSKLOUSULE**

54. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.